Emex australis of Kaapse dubbeltjie

E: devil's thorn, Cape spinach, threecornered or prickly jack, spiny emex, cat's head , **doublegee**(afgelei van die Afrikaanse dubbeltjie ….baie snaaks, dit word in Australië so genoem)

A: duiwelsdis, emexdubbeltjie, Kaapse dubbeltjie, volstruisdubbeltjie, hoerdoring D: Stechampfer

Hierdie spesie groei plat op die grond,

hierdie ene groei regop die hoogte in

Emex australis is inheems in die Kaapse provinsies, maar het versprei na die hele suidelike Afrika en ook ander dele in die wêreld, soos bv. Australië, waar dit intussen 'n **ernstige onkruid** geword het. Oorspronklik is hierdie plant op **skepe aangeplant as bron van vitamiene C vir die skeepsbemanning.** Die seereise was destyds baie, baie lank en die voorrade aan vars, veral plantaardige kos gougou verbruik. Blykbaar het die plante die anderkant gehaal en daar gegroei en uitgebrei.

Gewoonlik is dit 'n plat spreidende plant, maar onder gunstige omstandighede groei dit ook die hoogte in en kan tot 60 cm hoog word. Die blommetjies is klein en lig van kleur. Uit hulle uit ontwikkel die doringvrugte. As jy kaalvoet daarin trap, brand dit nogal seer en lank! Die wortel is 'n penwortel.

Roomkleurige blommetjies

daaruit groei die doringvrugte

"doublegee" of dan duiwelsdis

Ons kan probeer beheer uitoefen, as ons dit **vroegtydig** uithaal of met breëblaargif behandel.

Inligtingsbronne: Probleemplante en Indringeronkruide van Suid-Afrika (Clive Bromilow)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Junie 2017